



UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY



## HOE OM JOU VOORGRAADSE PROGRAM TE KIES (2019)

1. In hierdie afdeling kan jy jou eerste, tweede en derde programkeuse aandui. Jy mag drie programme aandui omdat daar programme is met uitgebreide keuringskriteria en jy dalk nie vir jou eerste keuse gekeur kan word nie, maar wel vir jou tweede of derde.
2. Jy kan egter net vir een program op 'n slag toegelaat word. Indien jy eerste toegelaat word vir jou tweede keuse en jou eerste keuse word daarna heroorweeg, sal die tweede keuse verval sodra jy vir jou eerste keuse toegelaat word.
3. As jy liewer sou wou voortgaan met jou tweede (of derde) keuse moet jy ons teen die einde van September by [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) laat weet. Die aanbod wat jy van die hand wys, sal verval.
4. Al ons programme het keuringsvereistes, maar die volgende programme het almal uitgebreide keuringsprosesse: Alle programme in die fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese en Regsgeleerdheid; BA (Visuele Kunste); BA (Drama); BA (Musiek); BMus; BA (Sportwetenskap); BSc (Sportwetenskap); BEd (AlgOnd); BCom (Aktuariële Wetenskap) en BCom (Internasionale Besigheid).
5. Indien jou eerste programkeuse een van hierdie bogenoemde programme is, beveel ons aan dat jy 'n tweede keuse ook aandui. Indien jou eerste en tweede keuse uit die lys van keuringsprogramme hierbo is, stel ons voor dat jy ook 'n derde keuse aandui wat nie uit hierdie lys kom nie.
6. As jy van program wil verander, stuur 'n e-pos aan [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) met jou versoek. Onthou asseblief dat, na die sluitingsdatum, jy net oorweeg kan word as daar nog plek in die betrokke program beskikbaar is.
7. Om jou te help om jou programkeuse in die regte volgorde te plaas, neem ook die volgende in ag:

### Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Opvoedkunde

Hierdie twee fakulteite sal slegs jou programkeuse oorweeg indien dit as jou eerste keuse aangedui word.

### Regsprogramme

Keuring vir die programme BA (Regsgeleerdheid), BCom (Regsgeleerdheid) of BRekLLB sal slegs oorweeg word indien dit jou eerste programkeuse is. Die voorgraadse, vierjarige LLB-program sal as eerste of tweede keuse op jou aansoek oorweeg word.

### Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sal net aansoeke vir eerste of tweede keuses oorweeg. Derde keuses sal net oorweeg word as die eerste twee keuses uit die lys van uitgebreide keuringsprogramme hierbo is. BA Sportwetenskappe sal net eerste en tweede keuses oorweeg.

### **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

Hierdie fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg. Indien jy meer as een EBW-program op jou lys het, sal alle EBW-keuses in jou voorkeur volgorde oorweeg word. BCom (Internasionale Besigheid), BCom (Aktuariële Wetenskap), BRekLLB en BCom (Regsgeleerdheid) uitgesluit. Hierdie programme moet jou eerste keuse wees om vir oorweging in ag te kom.

### **AgriWetenskappe**

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg, met die uitsondering van die program BSc Voedselwetenskap (of enige program waar Voedsal as vak aangebied word) en BScAgric(Veekunde). Vir hierdie programme sal jou aansoek net as 'n eerste of tweede keuse oorweeg word.

### **Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en Teologie**

Hierdie fakulteite sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg. Die programme in BSc (Biologiese Wetenskappe) sal egter nie derdekeuse-aansoeke oorweeg nie. Jy kan vir meer as een program in BIng aansoek doen, bv. BIng (Siviel) as eerste keuse en BIng (Bedryfs) as tweede keuse, omdat die programme se keuringskriteria mag verskil